# KRUISGENOOT

4 Januarie 2026

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Lof aan God

Efesiërs 1:3-14

# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# *Bid vir mekaar*

## Siek of in die Hospitaal

Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

4 Januarie - Marco Alberts
5 Januarie - Riana Burger
6 Januarie - Juanita Diedericks
6 Januarie - Bennie Wolmarans
7 Januarie - Heidie Giacometti
9 Januarie - Juan Fourie

# bid



**Kirgisië**: Hierdie land huisves ongeveer sewe miljoen mense wat byna 80 verskillende nasionaliteite verteenwoordig. Bid vir die Bybelgenootskap se pogings om duidelike, interkonfessionele Bybelvertalings te skep, Bybels te versprei, kerke te versterk en verhoudinge tussen gelowe te bevorder.
**Kazakstan**: Die Bybel- genootskap bedien 'n bevolking van 22 miljoen mense. Hulle visie vir 2030 is dat vyf miljoen mense tot geloof sal kom. Bid vir wysheid en eenheid in hulle pogings om diverse gemeenskappe met die evangelie te bereik.

# NUWEJAAR- VOORNEMENS

Aan die begin van elke nuwe jaar neem baie mense hulle mooi dinge voor. Ongelukkig word sulke nuwejaarsvoornemens gou verbreek omdat dit nie lewendig gehou word nie. Dis soos ’n kind wat gebore word, maar nie gevoed word nie. As ’n goeie voorneme nie gevoed word nie, sterf dit. So ook geestelike voornemens. Een van die mooiste voornemens in die Bybel staan in Jos.24:15: “....maar ek en my huis, ons sal die Here dien”.

Geestelike voornemens is voortrefliker omdat ander voornemens in die mens se eie krag onderneem word. Met geestelike voornemens vra ons God om hulp en slaag derhalwe makliker daarin.

Een van die beste voornemens is om van alle psigiese en emosionele rommel in ons lewe ontslae te raak en vir onsself te sê: “Ek sleep dit nie verder saam met my nie”. Dis nie maklik om daarvan ontslae te raak nie, maar wel die moeite werd. Ons het uiteraard net een lewe op aarde en sal eendag daarvan rekenskap moet gee.

Wat is psigiese rommel? Onvervulde drome, gebroke verhoudings of een of ander verslawing waarvan ons nie ontslae kan raak nie. Dit beroof ons van ‘n gehalte-lewe. Baie mense gee moed op en sê: “Ek sal dit nooit oorwin nie”. Dis presies wat die Satan wil hê – Hy wil ons gedagtewêreld voorskryf. Dis die begraafplaas van goeie voornemens! God wil hê dat ons anders moet dink want dan alleen sal ons voornemens seëvier.

God sien in elke kind van Hom wonderlike moontlikhede raak. Nie mislukkings en rommel nie, maar eerbare, voltooide produkte. Sonde maak van lewens puinhope. Net God kan ons help om ons stukkende lewens te herbou. Hy weet wat die struktuur kort om dit sterk te maak omdat Hy die menslike herbou-proses baie goed ken.

God hou nie van stukkende dinge nie. Sy werke getuig van voltooiïng. Let op die skepping; alles wat Hy begin het, het Hy voltooi. Daar is niks half voltooi of stukkend nie. Sonde het die wêreld stukkend gemaak en mense is gefrustreerd daarmee. Ook met ons eie stukkendwees. Satan sê vir ons: “Los maar jou mooi voorneme en aanvaar dat jy nooit sal verander nie”. En ons luister soos ’n Eva van ouds na hom; die einde van nog ’n goeie voorneme!

God het ’n plan met ons ook in hierdie nuwe jaar wat wag. Hy wil ons help om ons geestelike mure te herbou sodat ons vir die finale aanslag van Satan sterk kan wees. Jesus se wederkoms is naby!

Hoe lyk ons geestelike mure? Kan ons die vyand trotseer of moet dit herbou word? Wees gewaarsku dat die herbou daarvan met hewige teenstand gepaard gaan! Satan los gelowiges nie uit nie en gebruik mense om ons te ontmoedig; selfs vanuit bekende oorde.

Nehemia was ‘n gelowige wat ’n geestelike voorneme gehad het wat verwerklik het. Na die val van die Babiloniese ryk, is die ballinge toegelaat om onder sy leiding na Jerusalem terug te keer. Sy geloof in God en liefde vir sy volk het van hom ’n besondere volksleier gemaak.

Toe die ballinge terugkeer, was hulle ontsteld om Jerusalem se mure in puin te vind. God het egter in Nehemia ’n begeerte laat ontvlam om die mure te herbou, iets wat tot ’n nasionale bewussyn onder die vrygeworde Jode sou lei en hulle sou saamsnoer. Die Samaritane, wat in die omgewing gewoon het, wou dit verhoed omdat dit hulle as volk sou uitsluit. Gevolglik het hulle die Jode die stryd aangesê, maar ten spyte van al die teenstand is die mure in 52 dae herbou.

Wat was Nehemia se geheim en/of wenresep? Om dit te weet sal ons help om ons goeie voornemens uit te voer. Een van die kernbestanddele van Nehemia se wenresep was dat hy hom nie deur die vyand van stryk laat bring het nie. Hoe meer hulle hom beledig en probeer ontmoedig het, hoe sterker het sy voorneme geword.

Gelowiges is in ’n daaglikse stryd gewikkel: “Ly dan verdrukking soos ’n goeie krygsman van Jesus Christus. Niemand wat ’n krygsman is, wikkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan behaag wat hom vir diens gewerf het” (2 Tim.2:2,3).

Met die werksaamhede van die lewensonderhoud bedoel Paulus die sorge van die lewe. Ons mag nie toelaat dat dit ons geestelike spoed breek nie. Gelowiges laat dit aan God oor. Wie daarin verstrengel raak, sien nooit die lig nie.




## elke dag whatsapp boodskap

BEGIN DIE DAG MET God
Sola Scriptura Solus Christus Soli Deo Gloria

WhatsApp

Indien u daagliks hierdie boodskap op WhatsApp wil ontvang, kan u bloot u slim foon se kamara op die QR-kode hier rig en op die skakel klik.







## Donkerhoek begraafplaas

RCCF-lede patrolleer elke laaste Sondag van die maand vanaf 10h00 tot 13h00, by Donkerhoek begraafplaas sodat u veilig die grafte van geliefdes kan besoek.

RCCF
RUSTENBURG CRIME COMBATING FORUM

074 327 3041




# Voorspoedige 2026